

DIS TYD VIR REGTREK

Daar is 'n nuwe gonswoord in die estetiese skoonheidsbedryf: 'tweakments'. Hier is riglyne oor hoe jy vinnig-vinnig varser kan lyk.

deur **ELSA KRÜGER** stilering **HANNES KOEGELBERG** foto's **ED O'RILEY**



VOLGENS ESTETIESE praktisyns en plastiese chirurge het die vraag na nie-chirurgiese prosedures in die inperkingstyd weens Covid-19 merkbaar toegeneem. Mense sit ure in Zoom-vergaderings en sien alles wat 'fout' is met hul voorkoms. Die grootste kopersere is veral rondom die mond – met naso-labiale groewe (van die neus tot die mondhoek), verplooid bolip (staafkode-lyne), fronse, uitgesakte kakebeenlyn en donker kringe onder die oë. Maar pleks van die chirurg se skalpel wend hulle hulle tot 'tweakments' wat die voorkoms subtiel verfris en hulle jeugdiger laat lyk: 'n bietjie vuller hier en 'n knertsie Botox daar en siedaar! Vroue én mans wend hulle tot dié metode, en toenemend ook milleniërs (nié meer net baby boomers nie).

DIE VERSKIL TUSSEN BOTOX EN VULLERS

Baie mense verstaan nie die verskil tussen vullers en Botox nie. Eenvoudig gestel: Dit is die twee elemente van 'n sogenaamde vloeibare ontrimpeling (*liquid facelift*). Botox (*Botulinum toxin*, afkomstig van 'n giftige stof) word grotendeels vir die boonste helfte van die gesig gebruik. Dit verlam die spiere rondom die oë en by die voorkop om kraaispore, vertikale treinspoor-fronse en horisontale voorkopplooië uit te stryk én gesakte wenkbroue te lig. Dit ontspan ook 'n sogenaamde maaskaaske (*cheesecake chin*) en marionetlyne wat die mondhoek afrem, en plooitjies (*bunny lines*) by die neusbrug.

Vullers, wat bestaan uit verskillende

groottes en teksture hialuronsure of jou eie vetselle, word hoofsaaklik in die onderste deel van die gesig gebruik om plooië, groewe en lyne te vul, wangbene te lig en uitgesakte kaak-kontoere te lig en fermier te maak. In die boonste helfte van die gesig word dit ook gebruik by hol slape en diep, ingesonke oogholtes of die traantrôe (*tear troughs*).

WATTER VULLER EN WAAR?

Die meeste vullers soos Restylane en Juvéderm bestaan uit verskillende vorms hialuronsuur (HA), wat natuurlik in die liggaam voorkom. Die voorraad HA in die liggaam neem af soos 'n mens ouer word, met 'n gevolglike verlies aan volume, veral in die gesig. Die HA-formules wat deesdae ingespan word, is amper soos 'n verf-volgens-nommers in tekstuur: Verskillende digthede van HA-molekules word vir verskillende dele van die gesig gebruik om dit uit te vul en kontoere fermier te maak.

WAT IS NUUT OP HIERDIE GEBIED?

Dr. Aleksander Nikolic, estetiese praktisyn van Wynberg, Kaapstad, sê die twee gewildste prosedures by sy praktyk is vullers en Botox, gevolg deur die Dermapen. Die heel nuutste metode is nano-vetverplasing (*grafting*). Vet, en in die besonder die stamselle van liggaamsvet, word regstreeks in die vel ingespuit vir 'n verjongende effek (dit moenie verwar word met diepvetvuller wat vir volume-verplasing

MEER INLIGTING

Besoek drreza.co.za, aprassa.co.za, aestheticfacialenhancement.co.za en 8thsense.co.za

gebruik word nie). By nano-vetverplasing word bloed van die pasiënt getrek en in 'n sentrifugale masjien geplaas. Die serum word in die proses van die selle geskei en die selle word dan onttrek en met 'n fyn naald in die dermis ingespuut.

Vullers kom toenemend in verskillende digtheidsgrade. Die verskil is in die omvang van oorkruishegting (*cross linking*) en hoeveel beweeglikheid die vuller se tekstuur toelaat in die dinamiese dele van die gesig. Die gesig moet ewe goed lyk wanneer dit 'in beweging' is (soos wanneer jy praat) as wanneer jy dit stil hou.

Hoe meer bio-identies die vuller aan die natuurlike liggaamsprodukt is, hoe veelsydiger is dit vir gebruik, natuurlike resultate en 'n langer lewensduur. Dié vullers integreer goed met die weefsel, wat beteken hulle is onsigbaar en lewer 'n sagter voorkoms. Oorgeset synde: Jy sien net die resultate en nié die produk nie.

Volgens dr. Reza Mia van Johannesburg gee die verskillende digthede van vullers dokters die vermoë om spesifieke dele van die gesig te teiken vir optimale resultate.

WAT GEBEUR IN DIE PROSEDURE?

Die prosedure is betreklik eenvoudig en vinnig, sê dr. Mia. 'Ons verdoof eers die deel met 'n room om pyn te voorkom. Die inspuitings self neem tussen 5 en 20 minute, afhangende van hoeveel vullers gebruik word, en die resultate is onmiddellik sigbaar.'

Dr. Nikolic sê daar is twee belangrike aspekte rakende dermale vullers: tegnologie en tegniek.

Tegnologie: Die vullers raak toenemend spesifiek vir sekere dele van die gesig (wange, kakebeenlyn, ken, lippe) en meer spesifiek in die funksie wat hulle verrig. 'Ons het vullers waarvan die hoofdoel is om te lig, terwyl ander weer geskik is om die kakebeenlyn te vorm. Nog 'n ander formule word vir die traantrog en orbitale ooggedeelte gebruik.'

Tegniek: 'Vandag weet ons dat ons strukture van die gesig kan lig. 'n Nuwe tegniek, miomodulasie met vullers, stel ons in staat om vuller op 'n spesifieke diepte neer te lê om óf die spiere se aktiwiteit te verhoog óf dit te verminder en aksie te beperk. Ons kan dus met vuller die sametrekke aksie van spiere verhoog en die gesig lig.'

WIE KAN VULLERS KRY?

Volgens dr. Mia is daar baie min mense wat nié baat vind by 'n vorm van vullerbehandeling nie. Dit is nie ideaal vir swanger vroue nie en ook nie vir mense met outo-immuun- of ander ernstige siektes nie.

Diegene wat dit moet vermy en deur etiese dokters die deur gewys word, is pasiënte wat reeds te veel vullers gehad het of wat onmoontlike hoë verwagtinge koester.

HOE LANK HOU VULLERS?

Sowat 18 maande tot 2 jaar.

WAT KOS DIT?

Pryse wissel na gelang van die dokter se praktykpryse en die hoeveelheid vuller wat benodig word.

TRENDS

Die aantal pasiënte jonger as 30 wat vullers wil hê, neem jaarliks toe, sê dr. Sly Nedic van die 8thsense-estetiese kliniek in Sandton. 'Milleniërs (mense van 25-40) is die "wellness generation". Hulle stel fisieke en geestelike welsyn hoog op prys, wil aantreklik lyk, eet en leef gesond, en skroom nie om wetenskaplik bewese kosmetiese metodes en prosedures in te span nie. Hulle is hiperbewus van die tekens van vroegtijdige veroudering en besef dat dit makliker en goedkoper is om langer goed te lyk, veral as jy vroeër begin met pro-aktiewe prosedures. Die trend is vir 'n natuurlike voorkoms wat beter in proporsie is, met 'n korreksie van swak kenprojeksie, neus, wange en kakebeenlyn, maar só gedoen dat dit glad nie opsigtelik is nie.

Dr. Mia beaam dit: 'Pasiënte is

kieskeuriger oor wie hulle toelaat om hul gesig in te spuit. Hulle besef nou alte goed dat die kunsmatige "kussingwange" en matraslippe wat hulle op sosiale media sien, nie is hoe vullers moet lyk nie. Vuller wat reg gebruik word, moet bloot 'n natuurlike, gesonde, jeugdige, vars resultaat gee.'

MOETS EN MOENIES

Met pasiënte wat 'n groter volume vuller nodig het, is dit beter om die vuller stadig te laat integreer met die weefsel, oor 'n tydperk van verskeie sessies.

☼ Vind 'n dokter wat bekend is vir skitterende resultate en noukeurige voorsorg om die risiko van beserings te verminder of voorkom.

☼ Doen jou huiswerk en moenie dat enige dokter 'n naald in jou gesig steek voordat jy resultate van sy of haar werk gesien het nie. Dokters met 'n goeie reputasie sal voor- en ná-foto's van hul eie werk op hul webtuiste hê.

☼ Kyk hoe lyk die dokter self. Vullers is nie 'n *one-size-fits-all*-prosedure nie. Sommige dokters oordoen hul eie prosedures, en dikwels kan jy hul pasiënte uitken omdat hulle soos klone van hul kosmetiese dokters lyk. Vat jou handsak en laat spat!
☼ Vermy bloedverdunners, anti-inflammatoriese middels en johanneskruid (*St John's wort*) voor die prosedure.

☼ Moenie op 'n dokter besluit op grond van wie die goedkoopste is nie. Jy kry waarvoor jy betaal en goedkoop is, soos altyd maar, duur koop.

☼ 'n Goeie estetiese dokter sal jou begroting in ag neem en nie allerhande roekelose prosedures aanpak wat jou 'n fortuin gaan kos nie.

